Beeld BABA van die jaar 2022

# Skryf jou baba in en stem só

Hierdie kompetisie duur van 8 Junie vanjaar tot 15 Maart 2023.

Die baba moet jonger as 12 maande wees om te kan deelneem. Die keuse berus by jou vir watter maand jy jou baba wil inskryf, solank die baba nog nie sy/haar eerste verjaardag gevier het voor/op die sluitingsdatum vir die betrokke maand waarvoor julle inskryf nie.

'n Baba mag net een keer inskryf. Babas wat nie in die maand waarvoor hulle ingeskryf het, gepubliseer is nie en teen die volgende maand se sluitingsdatum nog jonger as 12 maande oud is, se inskrywing kom outomaties weer in aanmerking.

1. Verstrek die volgende in 'n Word-dokument:
a) Die baba se naam en van
b) Die baba se geboortedatum
c) Die geslag van die baba
d) Die baba se ouers se name en vanne
e) Ouers se kontakbesonderhede (e-posadresse en kontaknommers)
f) Woonadres
2. Antwoord die volgende vrae in dieselfde Word-dokument:
a) In watter hospitaal is die baba gebore en hoe laat?
b) Hoe het julle op jul kleinding se naam besluit?
c) Vertel iets interessant of spesiaal van die baba se geboorte/geboortedag.
d) Hoeveelste kind is dit in die gesin?
e) Wat is jul droom vir jul baba?
3. Heg 'n duidelike kleur- of swart-en-wit-gesigfoto van die baba aan in jpg-formaat. Foto moet 'n minimum van 1 MB wees. In die geval van 'n tweeling (of meerlinge) moet steeds slegs een foto gestuur word waarop al die babas verskyn.
4. E-pos inskrywings aan babas@beeld.com. Tik die naam en van van die baba sowel as die blok waarvoor julle inskryf in die onderwerplyn.

**Só werk die stemproses**

Wanneer 'n baba se foto in die koerant verskyn, kan lesers vir hul gunsteling-baba stem deur:

**PROSES 1 (elke SMS tel 1 punt)**

SMS BABA, gunsteling-baba se naam en van, jou naam en van, waar jy woon en e-posadres na 35986.

Die SMS-lyn sal oop bly soos per die skedule ("Belangrike datums – sluitingsdatum vir stemme".) Lyn sluit om 12:00. Elke SMS kos R1,50. Gratis SMS'e geld nie en foutiewe SMS'e sal verreken word.

SMS-voorbeeld: BABA, Dian Zietsman, Tanya Schoeman, Randburg, tanya.schoeman@media24.com.

Deelnemers aan die kompetisie deur middel van stemproses 1 verleen met die gebruik van die SMS-stemme toestemming aan *Beeld* en sy borge om by geleentheid sy produkte en/of dienste aan hulle te bemark.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal SMS-stemme reeds ontvang nie in aanmerking geneem word nie.

**PROSES 2 (elke stem tel 5 punte)**

Ekstra koerantstemme vir 'n baba kan op die dag van publisering by Tanya Schoeman aangekoop word (tanya.schoeman@media24.com). *Beeld* sal die koerante aan 'n organisasie van sy keuse skenk. Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal koerantstemme reeds aangekoop wel in ag geneem word.

**PROSES 3 (elke stem tel 5 punte)**

Stuur oorspronklike foto van die baba wat in *Beeld* gepubliseer word na: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretoria-laan, Ferndale, Randburg, 2194.

Stemme kan ook in 'n koevert by *Beeld* se kantoor in Johannesburg afgelewer word: Baba van die Jaar, Beeld Bemarking, 2de Vloer, 272 Pretoria-laan, Ferndale, Randburg, 2194.

Sou 'n baba vir 'n tweede keer gepubliseer word, sal stemme reeds ingestuur in die eerste publikasie nie in ag geneem word nie.

Dit bly die persoon wat stem se verantwoordelikheid om stemme betyds in te dien en *Beeld* aanvaar geen verantwoordelikheid vir laat stemme nie. Laat stemme sal nie in aanmerking geneem word nie. Dieselfde prosedure geld vir babas wat buite *Beeld* se verspreidingsgebied val en wil deelneem. Jy kan soveel keer stem as wat jy wil. Die baba met die meeste punte vir die maand sal as die wenner aangewys word.

## Rogan is die Februarie-wenner




Rogan Riley Barker

Vandag kondig ons die skattige wenbaba van die Februarie-groep aan. Sy is Rogan Riley Barker van Mokopane. Rogan is om 14:06 op 28 Junie verlede jaar in die Netcare Pretoria-Oos Hospitaal gebore. Sy is haar ouers, Collin en Christél Barker, se eersteling.

"Collin het Rogan as haar eerste naam gekies. Dis 'n Ierse van wat 'rooi hare' beteken en die van is ook in sy familie. Ek het haar tweede naam, Riley, gekies. Dit beteken braaf en moedig," vertel Christél.

Rogan se geboortedag was op baie maniere vir die Barkers spesiaal.

"Andrea Bocelli en Ed Sheeran se 'Perfect' het gespeel in die teater toe Rogan gebore is.

"My man en ek was Covid-positief met Rogan se geboorte en hy was saam met my in die teater en het daarna teruggegaan Limpopo toe, want hy was op suurstof. Daar was nie 'n bed vir hom in Gauteng nie. Ons het die oggend van haar geboorte deurgery Pretoria toe.

> **"Ons was albei Covid-positief met Rogan se geboorte… hy moes ná die geboorte teruggaan Limpopo toe, want hy was op suurstof.**

"Die president het ook die Sondagaand voor sy die Maandagmiddag gebore is die interprovinsiale grense gesluit. So dit was naelbyt."

Die Barkers het 17 jaar gewag vir klein Rogan en beskou haar as hul eie klein wonderwerkie.

"Ons droom vir haar is om altyd die mooi in die lewe raak te sien en altyd iemand te probeer help wat dit nodig het. Ons hoop sy is goedgesind teenoor almal om haar en sal almal dieselfde behandel."

**As groepwenner wen Rogan heerlike pryse:**

- Die Kiddies Aqua Swimming Academy bied een maand se gratis swemlesse ter waarde van R1 000 in hul selfreddingswaterveiligheidsprogram vir babas of Ons leer om te swem-program (afhangende van die wenner se ouderdom). Die program sluit 'n gratis swemsak en swempet in. Ná voltooiing van die program ontvang die baba 'n goue gemonteerde muntstuk. As die wenner nie in staat is om van die prys by een van hul takke gebruik te maak nie, ontvang hy/sy 'n kontantbedrag van die Kiddies Aqua Swimming Academy ter waarde van R750.
- 'n Gasverskyning deur Ollie die Singende nar by die baba se verjaardagpartytjie ter waarde van R1 600. (Besprekings moet gemaak word volgens Ollie die singende nar se beskikbaarheid. R5 per km buite Pretoria is betaalbaar deur die wenner se ouers.)
- 'n Geskenkpak van R1 300 van Bennetts.
- 'n Geskenkbewys van R500 van 4aKid.
- 'n TO Strand-wegbreek van drie nagte ter waarde van R3 000.
- 'n R1 000-geskenkpak van Little & Co.
- 'n R280-geskenkbewys van Lené Shoes Collection.

## Singend deur die land met Ollie



Ollie die Singende Nar is bekroon met 'n African Excellence-prys as die vermaaklikste singende hanswors in Suid-Afrika vanjaar. Ollie gaan van Augustus tot November met sy eenwielfiets van Pretoria tot in Kaapstad ry en 60% van hierdie inkomste gaan aan liefdadigheid geskenk word. Op sy reis gaan hy 15 groot vertonings lewer.

■ Kontak Pieter Vorster by 061 030 3902 of 083 694 1479. Vir meer inligting besoek die webwerf olliethesingingclown.co.za.

## Van 'n kot na die bed sonder trane



Sealy gee 'n paar wenke oor hoe om die oorskakeling van 'n kot na 'n bed makliker te maak vir jou kleuter:

■ Bekendheid: Plaas jou kind se gunstelingspeelgoed of -kombers in die bed. Hou die slaaptydroetine dieselfde en plaas die bed op dieselfde plek as die kot.

■ Kamerveiligheid: Beveilig die kamer as jul kleuter uit sy of haar nuwe bed kan klim. Beveilig elektroniese toestelle, plaas propdeksels op proppunte. As gordyne of blindings toue het, maak seker dat jy dit buite bereik skuif.


Wat veiligheid betref, is relings 'n goeie idee. Jou kleuter is gewoond daaraan om in 'n bedjie rond te rol en aan die kante gekeer te word.

■ Maak dit opwindend: Laat weet jou kleuter voor die tyd dat hulle van bed gaan ruil en maak seker dit klink soos 'n prettige geleentheid. Maak 'n groot ophef daaroor en prys hulle dat hulle die nuwe bed probeer het. Betrek hulle deur die bed en beddegoed uit te soek.

■ Wees geduldig: Jou kleuter kan dalk nie dadelik by sy of haar nuwe bed aanpas nie. Gee jou kind tyd om by die nuwe reëling aan te pas en wees geduldig.

■ Vir meer oor Sealy se reeks enkelbeddens, besoek sealy.co.za.

## Kom leer swem by Kiddies Aqua



Kiddies Aqua Swimming Academy is die grootste swemakademie vir babas en kleuters in Suid-Afrika. Selfs kinders met spesiale behoeftes en ander gestremdhede word deur hulle geleer om te swem.

Hul selfreddingsdryfmetode vir babas van 6-24 maande onderskei hulle van enige ander swemskool in Suid-Afrika.

Die babas leer om hul asemhaling te beheer indien hulle inval en onder die water beland en dan op hul ruggies te draai en te dryf sodra hulle opkom vir minstens 15 minute. Die babas se lugweg sluit ook instinktief, wat verhoed dat daar enige water in hul longe of maag ingaan.

Wat Kiddies Aqua se spesialis-afrigters doen, is om die babas te stimuleer om op hul rug te draai en te dryf, sodat die gesiggie en lugweg bo die water bly. Hierdie metode is in 1967 deur die Fransman Jean Fouace ontdek en hy het dan ook vir Lizette Botha (eienaar van die twee Pretoria-takke) verder in hierdie metode opgelei. Botha beoefen die metode al sedert 1989 en het dit 'n bietjie verfyn, aangesien sy individueel met elke baba werk.

Sodra die babas die dryfmetode bemeester, beweeg hulle onmiddellik oor na die Leer-om-te-swem-program waar hul eintlike swemloopbane begin.

■ Besoek kiddiesaqua.co.za vir meer inligting.

## Mooiste kombersies van katoen




Little & Co is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy wat spesialiseer in die vervaardiging van baba- en kleuterklere van 100% suiwer katoen. Ons katoen word in Suid-Afrika geweef, wat deurlopende voortreflike gehalte verseker.

Van jou heel eerste uitrusting in die hospitaal, tot drag vir spesiale geleenthede, mamma-en-ek-uitrustings, en alles tussenin, is Little & Co jou eenstop-trots-Suid-Afrika-winkel.

Nog iets wat ideaal vir die winter is, is 'n lieflike kombersie. Word snoesig toegevou in die mooiste woorde wat op die kombersies gedruk word. Al ons kombersies is van 100% suiwer katoen gemaak. Besoek www.littleandco.co.za vir meer.

## Breek heerlik weg na TO Strand



Die TO Strand-vakansieoord lê op die drumpel van 'n pragtige semi-private strand aan die kuslyn van Leisure Bay in KwaZulu Natal. Hulle spog met 64 selfsorg-chalets, 135 kampplekke en twee spogtente langs die oewer van die rivier.

Met 'n wye verskeidenheid avontuuraktiwiteite, geriewe en gesinspret is daar altyd iets om jou en die gesin te vermaak.

Geniet 'n vars voorbereide maaltyd gemaak met liefde deur die Bean Bag-kafee. Die strand word gedurende seisoen en naweke deur lewensredders beskerm en die oord word 24/7 deur veiligheidswagte gepatrolleer sodat jy kan terugsit, ontspan en die sonnige weer aan die Suidkus geniet.

## Prettig en veilig met 4aKid



4aKid is 'n bekroonde aanlyn babawinkel wat konstant streef om een van die beste babawinkels in die land te wees.

Hulle bied die beste gehalte in baba-, kleuter- en kinderprodukte saam met puik kliëntediens en vinnige versending. Só maak 4aKid die lewe makliker en eenvoudiger vir besige ouers. 4aKid se fokus is op die kleinspan en hul veiligheid en geluk is van uiterste belang.

Daarom is hul missie om te verseker dat hul kinderveiligheidsprodukte bekostigbaar is en ook beskikbaar is aan ouers landwyd.

4aKid wil ook bewustheid skep om kinderveiligheid, of dit nou tuis is, terwyl hulle eet, in die bad, die tuin, die motor, in die swembad of sommer net terwyl 'n mens daagliks rondbeweeg.

■ Vir meer inligting, besoek die webwerf 4akid.co.za.

## Vertrou Bennetts-babaprodukte




Bennetts-babaprodukte is al meer as 30 jaar op die mark en het 'n vertroude naam in Suid-Afrikaanse huishoudings geword. Al ons produkte ondergaan kliniese toetse en word aanbeveel deur dermatoloë – daarom kan ons gerus wees dat ons reeks net die beste vir jou gesin is.

Elke produk word met deernis beplan en vervaardig om die lewe vir ouers te vergemaklik. Ons reeks fokus daarop om oplossings vir alledaagse uitdagings te bied wanneer dit by die sorg van jou baba kom. Ons "Sensitive Skin Care"-reeks is ideaal vir sensitiewe velletjies.

■ Gaan kyk op bennettsforbabies.co.za vir meer inligting oor ons hele reeks.

## Luukse pantoffels van LenéShoes



Nie net vervaardig LenéShoes die mooiste babaskoene, fopspeenbandjies en baba-benodigdhede nie, ons sorg ook natuurlik vir die mammas en pappas se voete in die winter. Ja, ons maak die lekkerste warm skaapwolpantoffels.

Dit is vreeslik gewild as geskenke, en is vir vroue sowel as mans beskikbaar.

Dit is in net een kleur te kry, en ons help jou ook met raad hoe om jou pantoffels mooi op te pas sodat dit van die een winter na die volgende sal hou.

Kontak ons gerus, die winter is nog glad nie verby nie.